higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1290**(E)**(J19)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

PATROONKONSTRUKSIE N6

(10010546)

19 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: Antwoordboek, wit A4-tikpapier

Kandidate sal tekeninstrumente en ’n swart fynomlynpen benodig.

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 4 bylaes.

GS

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PATROONKONSTRUKSIE N6
TYD: 3 URE
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

AFDELING A	:	50 punte
AFDELING B	:	150 punte
GROOTTOTAAL:	:	200 punte

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Alle tekeninge en manipulasie moet in VYFDE skaal gedoen word.

6. Geen los dele sal nagesien word nie.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die deel van die mou bo die armsgatdieptelyn ('scye depth line') staan bekend as die …

A moukop.
B moukurwe ('sleeve cap').
C armsgat.
D kroon.

1.2 Die knope op 'n manshemp word geposisioneer …

A horisontaal regoor die middelvoorlyn.
B 2 mm oorkant die middelvoorlyn.
C vertikaal op die middelvoorlyn.
D op die middel van die knoopstand.

1.3 Die buitebeennaat van 'n langbroek word gemeet van die …

A middel af met die onderkant van die been langs.
B heuplyn af met die buitekant van die been langs.
C middel af met die binnekant van die been langs.
D middel af met die voorkant van die figuur langs.

1.4 Die silhoeët van 'n man is …

A spits afgewerk ('tapered').
B ovaal.
C vierkantig.
D reghoekig.

1.5 Kepies word geplaas …

A slegs op styllyne
B op alle nate
C slegs op vertikale nate.
D op soomlyne.

1.6 Die gulp op 'n manslangbroek maak toe …

A links oor regs.
B regs oor links.
C op die middelvoor.
D soos verkies.

Kopiereg voorbehou

1.7 Die semi-prinseslyn loop deur die ... punt.

A breek-
B nek-
C bors-
D skouer-

1.8 Die onderkraag van die snyerskraag word op die ... gesny.

A inslag (‘weft’)
B kering (‘warp’)
C skuinste
D ware skuinste

1.9 Dit is noodsaaklik om ... te dra wanneer jy gemeet word.

A ’n lospassende rok
B goed passende onderklere
C geen klere
D ’n noupassende rok

1.10 Die ... is nie ’n voorbeeld van ’n plat kraag nie.

A klassieke rolkraag
B matrooskraag
C mandarynkraag
D Peter Pan-kraag

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Die halsgrootte en die armlengte is belangrike kontrole-afmetings wat by die gradering van ’n manshemp in aanmerking geneem moet word.

2.2 Rygplooie word gebruik om volheid weg te ruim.

2.3 ‘n Klokstuk is ’n driehoekige invoegsel wat die soomlyn laat uitklok.

2.4 Skuifgradering vereis twee meesterpatrone.

2.5 Blok- of stapelgradering kan met die hand of met ’n rekenaar uitgevoer word.

(5 × 2) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n item/'n woord uit KOLOM B om by 'n item/'n woord/'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Die mees uitstaande deel van die bors	A	blok
3.2	Die buitelyn vir ’n blokpatroon	B	stiklyn
3.3	Stippellyn wat die voulyn van ’n gordel aandui	C	gekombineerde belegsel
3.4	Die lyn wat die voulyn van ’n lapel aandui	D	skouerstuk
3.5	Die basis vir enige patroon	E	rygplooie
3.6	’n Proses om ’n groot hoeveelheid volheid te versprei	F	borsprominensie
3.7	’n Patroon wat oor die skouers pas	G	patroonlyne
3.8	’n Stippellyn op ’n finale patroon	H	halwe borsafmeting
3.9	’n Patroondeel wat die halslyn en mousgat gelyktydig netjies maak	I	voulyn
3.10	Die skaal om ’n lyfieblok te teken	J	borskas
		K	breeklyn

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. ALLE tekeninge en manipulasies moet in VYFDE skaal gedoen word.

2. Blokke en manipulasies moet op wit tikpapier gekonstrueer word. Gebruik ’n swart fynomlynpen om duidelike konstruksielyne te teken. MOET NIE die blokke uitknip nie. Plak die blok(ke) in die ANTWOORDBOEK.

3. Genoeg basiese blokke word vir beplanning en manipulasie voorsien. Dit is dus nie nodig om enige van die blokke vóór die beplanningstadium na te trek nie. Enige natrekwerk word eers na afloop van die beplanningstadium gedoen.

4. Manipulasies moet direk in die ANTWOORDBOEK geplak word.

5. Geen los dele sal nagesien word nie.

6. Slegs die fotokopieë van die blokke wat saam met hierdie vraestel verskaf word, mag gebruik word.

7. Nommer al die vrae duidelik en korrek.

8. MOET NIE ’n rooi of groen pen gebruik nie.

VRAAG 4

FIGUURAFWYKING

Groot bo-arms is ’n figuurafwyking.Gebruik die fotokopieë van die raglan-mou, grootte 13, op BYLAE A en BYLAE B en dui aan watter verstelling jy sal maak om ’n beter pssing vir die bogenoemde figuurafwyking te verkry.

Dien die volgende in:

4.1 Beplanning van die raglan-mou (17)

4.2 Werkspatroon van die raglan-mou (17)

4.3 Finale patroon van die raglan-mou (16)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die volgende graderingsterme:

5.1.1 Graderingsafwyking

5.1.2 Eenvoudige gradering

5.1.3 Lynskuifgradering (’track shift grading’)

5.1.4 Proporsionele gradering

5.1.5 Stapeling

(5 × 4) (20)

5.2 Noem DRIE voordele van gradering in die vervaardigingsomgewing.

(3 × 2) (6)

5.3 Beskryf hoe jy gesuperponeerde gradering sal toepas. (6)

[32]

VRAAG 6

INSTRUKSIES

Maak gebruik van die dameseenstukrokblok, voorpant, grootte 13 op BYLAE C en dien die damesvoorpant-eenstukrokblok sonder ’n borskontrole-pylnaat in.

Maak die kontrolepylnaat toe en maak die mousgatpylnaat oop.

Nommer die volgende bakens:

A Voorste skouermousgatpunt

B Kantnaat-onderarmpunt

C Voorste skouerhalslynpunt

D Kantnaat-middellyfpunt

Merk die middelpunt van die mousgat-pylnaat 1a.

E Laat sal die voorste skouermousgatpunt met die helfte van die pylnaatwydte. Verbind E met C deur middel van ’n reguit lyn vir die nuwe skouerlyn.


F Merk die helfte van die pylnaatwydte vanaf B na regs.
Verbind F met D vir ’n nuwe kantnaat.
Hervorm die mousgat.

Teken die draadlyn in en benoem die blok.

[18]

VRAAG 7

Bestudeer die skets hier onder van ’n damesjas, grootte 13. Maak gebruik van die damesrokblok, voor- en agterpant, grootte 13, wat op BYLAE D verskaf word.



Dien die volgende manipulasies in:

7.1 Beplanningstadium van die jas, voorpant (20)

Beplanningstadium van die kraag (10)

7.2 Beplanningstadium van die jas, agterpant (20)

Maak gebruik van die volgende instruksies en afmetings.

Kopiereg voorbehou

7.1 **JASVOORPANT**

Knoopstand	:	3 cm
Lengte van ’n jas by kantnaat vanaf middellyfpunt	:	60 cm
Lengte van ’n jas by middelvoor-middellyfpunt	:	62 cm
Laat sak die mousgat	:	2 cm
Vergroot die wydte by mousgat, by middellyf en nuwe soomlyn	:	4 cm
Teken nuwe kantnaatlyn	:	1 cm

Skouerlengteverlenging vir valskouer (‘dropped shoulder’)

Hervorm die mousgat

Styllyn by die pylnate

(20)

SJAALKRAAG

A Eerste knoopsgatposisie op die middelvoorlyn, merk die knoopsgat.

A–B 3 cm na regs vir die knoopstand.
Trek loodlyn reghoekig afwaarts vanaf B na C op die soomlyn.

B Breekpuntposisie
Teken knoopsgat van 2,5 cm in.

D By voorste skouernekpunt
Verleng die skouerlyn met ’n stippellyn
Teken ’n stippellyn, 5 cm parallel onder die verlengde skouerlyn.
Plaas die agterskouernekpunt van die rok op punt D en laat die skouermousgatpunt aan die parallelle lyn onder die verlengde skouerlyn raak.

Teken die agterste neklyn en middelagterlyn in (op tot regoor die agterlyn).
Merk punt E, by middelagternekpunt int.

D–F 3 cm na regs op verlengde skouerlyn
Verbind B met F (in ‘n gladde kromme) vir kraagrollyn.

G–H Kraagwydte (10 cm)
Verbind G–H vir die middelagterlyne van die kraag.
Trek kromme (geboë lyn) H na B vir die kraagstyllyn.

Konstrueer die belegsel 6 cm by die skouerlyn en 6 cm na links vanaf die midelvoorlyn by soom. Voltooi die buitelyn van die belegsel.

(10)

Kopiereg voorbehou

7.2 **JASAGTERPANT**


Lengte van ’n jas by kantnaat vanaf middellyfpunt	:	60 cm
Lengte van ’n jas by middelvoor-middellyfpunt	:	62 cm
Laat sak die mousgat	:	2 cm
Vergroot wydte by mousgat, middellyf en by nuwe soomlyn	:	4 cm
Teken nuwe kantnaatlyn		
Skouerlengte-verlenging vir valskouer	:	1 cm
Hervorm die mousgat		
Skouerstukdiepte by middelagter en trek loodlyn reghoekig regoor	:	12 cm
Styllyne by die pylnate		
Teken draadrigtinglyne en benoem al die patroonstukke		

(20)
[50]


TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200


Kopiereg voorbehou

BYLAE A




BYLAE B






BYLAE C



BYLAE D



Kopiereg voorbehou